higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

MENSLIKE EN SOSIALE ONTWIKKELING
NKR VLAK 4

(5050104)

12 November 2024 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie eksamenvraestel bestaan uit 10 bladsye.

072Q1N2412

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
MENSLIKE EN SOSIALE ONTWIKKELING
NKR VLAK 4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Kies die korrekte term uit dié tussen hakies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (1.1–1.20) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 In Suid-Afrika is die wetlike minimum skoolverlatingsouderdom (15/16) jaar.

1.2 Die kwalifikasie van ’n nasionale sertifikaat val in die (AOO/TBOO) -band.

1.3 Die NKR (verdeel/verenig) alle onderwys- en opleidingstelsels.

1.4 ’n NKR vlak 4-sertifikaat is gelyk aan ’n Graad (11/12) -sertifikaat.

1.5 (Fundamentele/Kern-) leer is die vakke wat ons nodig het voordat ons ’n kwalifikasie kan aanpak.

1.6 Witskrif (5/6) fokus daarop om die uitdagings van vroeë kinderontwikkeling die hoof te bied.

1.7 (Basislyn-/Diagnostiese) assessering kan help om ’n leerder se sterk punte en swakhede te identifiseer.

1.8 (Leeruitkomste/Assesseringstandaarde) fokus op die vaardighede, kennis en waardes wat leerders moet verwerf.

1.9 Leerders moet (ontmoedig/aangemoedig) word om aan die kultuur van die opvoedkundige instelling deel te neem.

1.10 Die vermoë om jouself te organiseer en te bestuur is ’n (ontwikkelings-/kritieke) uitkoms.

1.11 ’n (Nasie/gemeenskap) is ’n groep mense met saambindende eienskappe en belangstellings wat saamleef.

1.12 Buurtwag is ’n voorbeeld van gemeenskaps- (vooroordeel/netwerke).

1.13 (Ekstrinsieke/Intrinsieke) versperrings is uitdagings waaroor leerders beheer kan uitoefen.

1.14 Werkskedules (is /is nie) tot ’n Graad of ’n jaar beperk (nie).

1.15 Mense (word/word nie) met kritiese denkvaardighede gebore (nie).

1.16 Kritiese denke ontwikkel leerders se denkvaardighede tot ’n hoër denkvlak in (Bloom se taksonomie/Maslow se hiërargie).

1.17 (Geslote/Oop) vrae moedig leerders aan om inligting te bevraagteken en om krities oor feite na te dink.

Kopiereg voorbehou

1.18 Volgens Freire moet leerders en onderwysers (dialoog/argumente) gebruik om die gehalte van die opvoedkundige proses te verbeter.

1.19 (Rudyard Kipling/Peter Elbow) het die twyfel-en-glo-speletjie ontwikkel om albei kante van ’n argument werklik te verstaan.

1.20 Voortdurende kritiese vraagstelling dwing ’n mens om (’n spesifieke faktor/alle faktore) in ’n situasie in ag te neem voordat jy tot ’n gevolgtrekking kom.

(20 × 1) **[20]**

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs ‘Waar’ of ‘Onwaar’ langs die vraagnommer (2.1–2.20) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

2.1 Die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring staan nou amptelik as die Nasionale Kurrikulumverklaring bekend.

2.2 Die kurrikulum is oorspronklik hersien om UGO te implementeer.

2.3 VBOO is ’n uitkomsgebaseerde opvoedkundige en opleidingsprogram vir jong leerders met geen of weinig voorafgaande opvoedkundige kwalifikasies (nie).

2.4 Wiskunde en Lewensoriëntering is deel van die basiese vakke wat leerders noodsaaklike vaardighede leer.

2.5 Een amptelike taal maak deel uit van alle onderwys- en ontwikkelingsprogramme en is verpligtend.

2.6 Die geleentheid vir leerders om met die NKR-band opwaarts te beweeg, verhoog die waarde van lewenslange leer.

2.7 Formatiewe assessering gee ’n geheelbeeld van die prestasies van ’n leerder op ’n gegewe tyd.

2.8 Witskrif 5 stel leerders van minderbevoorregte agtergronde in staat om in ’n omgewing geplaas te word waar hierdie leerders kan groei en ontwikkel.

2.9 Die transformasie van onderwys moet aan die doelstellings van ons Grondwet en demokratiese samelewing voldoen.

2.10 Geskikte en toepaslike steundienste kan tot verskillende leerbehoeftes onder leerders lei.

2.11 Die vermoë om entrepreneursgeleenthede te ontwikkel is deel van die kritieke uitkomste in die HNKV.

2.12 Gemeenskapslede deel waardes maar nie norme nie.

2.13 Gemeenskapsnetwerke is nie voordelig vir gemeenskappe se welstand nie.

2.14 Kontekstuele leerstruikelblokke staan bekend as sistemiese struikelblokke.

Kopiereg voorbehou

2.15 ’n Veranderende skoolstelsel sal intrinsieke leerstruikelblokke uitskakel.

2.16 Die HNKV-leerprogram en werkskedules kan aangepas word om vir die individuele behoeftes van leerders voorsiening te maak.

2.17 Kritiese denke behels om onbevooroordeeld oor dinge na te dink om die waarheid oor feite te ontdek.

2.18 Kritiese denke verhoed leerders om hul volle potensiaal te bereik.

2.19 Kritiese denke lei tot kreatiewe denke.

2.20 Oop vrae begin dikwels met die woorde ‘Wat’ en ‘Waarom’.

(20 × 1) **[20]**

VRAAG 3

Kies ’n term uit KOLOM B om by ’n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (3.1.–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	’n Kernfrase van hierdie persoon se metode om krities te dink staan as die oorsaaklike ketting bekend.	A	Weerlê (‘refute’)
		B	David Werner
3.2	Teoretikus wat Vier Oop Vrae ontwikkel het.	C	kritiese denkers
3.3	Om te bewys dat ’n feit verkeerd is	D	Paolo Freire
3.4	’n Lys van alle bronne wat ’n persoon in sy/haar navorsing gebruik het	E	bibliografie
		F	voorspel
3.5	Mense wat onbevooroordeeld is en ander mense se menings en oortuigings verdra	G	doel
3.6	Om mense te laat glo dat jou standpunt die korrekte een is	H	oorredend
		I	Rudyard Kipling
3.7	Om bewysmateriaal uit die hede te gebruik om te raai wat in die toekoms sal gebeur	J	emotief
3.8	Taal wat kleurvol is en ’n bepaalde emosie by mense ontlok	K	aanbeveling
		L	oordrywing
3.9	’n Verduideliking oor waarom die navorser die argument aanvoer		
3.10	Om ’n moontlike alternatief voor te stel		

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 4

Voltooi die volgende sinne deur 'n woord of woorde uit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (4.1–4.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

Bowlby; stimulasie; kwosiënte; mylpale; kritiese denke; fyn-; groot-; holistiese; diagnostiese; reflekse; Dewey

4.1 Ontwikkelingsuitkoms, KKVU's en ... is almal nou verwant.

4.2 ... ontwikkeling verwys na die fisieke, emosionele, gedrags- en kognitiewe ontwikkeling van mense.

4.3 ... het ten doel om babas te beskerm sodat hulle kan oorleef.

4.4 *Om sonder ondersteuning te sit* is een van die ... wat babas teen 'n sekere ouderdom moet bereik.

4.5 Om klavier te speel behels ... motoriese vaardighede.

4.6 Meisies is geneig om hul maksimum vermoë in ... motoriese vaardighede op 'n later stadium as seuns te bereik.

4.7 ... het geglo dat menslike babas almal gebore word met instinkte om hul ouers of versorgers naby hulle te hou.

4.8 Intelligensie kan verbeter word deur middel van ...

4.9 IK-toetse word gebruik in die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel vir ... doeleindes en nie vir klassifikasie nie.

4.10 Dui verskillende tipes intelligensie aan.

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 60

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 5

5.1 Elke individu het sterk punte en vermoëns wat met ’n spesifieke kwosiënt verbind kan word.
Kopieer die onderstaande tabel in die ANTWOORDBOEK. Voltooi die tabel deur die vermoëns wat hier onder gegee word, te rangskik om by die onderskeie kwosiënte in die tabel te pas.

Intelligensiekwosiënt	Emosionele kwosiënt	Spirituele kwosiënt	Sosiale kwosiënt

Vermoëns:
- Soek na doel in die lewe
- Leer en onthou
- Redeneer, beoordeel en verstaan
- Motiveer jouself
- Dink verby grense
- Vra diepgaande vrae
- Handhaaf sosiale vaardighede
- Het langdurige verhoudings met vriende
- Is bewus van jou eie sterk punte (9)

5.2 Verskeie faktore kan kinders se IK-tellings beïnvloed.

5.2.1 Bespreek kortliks DRIE faktore wat ’n kind se IK-telling kan beïnvloed. (3 × 2) (6)

5.2.2 Noem die sielkundige wat die eerste IK-toets ontwikkel het. (1)

5.3 Gee VIER moontlike redes waarom leerders met hoë emosionele kwosiënte meer begrip en verdraagsaamheid teenoor leerders met spesiale behoeftes kan openbaar. (8)

5.4 Gee VIER voordele wat dit vir leer inhou as ’n leerder ’n hoë spirituele intelligensie het. (2 × 4) (8)

5.5 Definieer die volgende terme:

5.5.1 Sentrale senuweestelsel

5.5.2 Sensoriese inligting

5.5.3 Motoriese ontwikkeling

5.5.4 Stimuli

(4 × 2) (8)
[40]

VRAAG 6

6.1 Evalueer die invloed wat gesonde moeder-baba-interaksie op elk van die volgende ontwikkelingsareas kan hê:

6.1.1 Emosionele ontwikkeling

6.1.2 Breinontwikkeling

6.1.3 Psigomotoriese ontwikkeling (3 × 3) (9)

6.2 Onderskei tussen die verknogtheidskenmerke (‘attachment’) van die volgende babas:

6.2.1 Vermydende (‘avoidant’) babas

6.2.2 Geborge babas

6.2.3 Angstige babas (3 × 2) (6)

Tim, wat 4 jaar oud is, deel slegs sy speelding met sy kleinboetie omdat hy weet dat hy gestraf sal word as hy nie mededeelsaam is nie.

6.3 Met verwysing na Kohlberg se teorie van morele ontwikkeling, ontleed die stadium van morele ontwikkeling wat Tim openbaar. (1 + 3) (4)

6.4 Verduidelik hoe taal wat ouers gebruik en kognitiewe ontwikkeling nou verwant is in babas se ontwikkeling. (2)

6.5 Verduidelik wat bedoel word wanneer gesê word dat UGO die volgende is:

6.5.1 Behoeftegebaseer

6.5.2 Uitkomsgebaseer

(2 × 2) (4)

6.6 Voltooi die volgende sin deur slegs die ontbrekende woord langs die vraagnommer (6.6) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

UGO het ten doel dat leerders lewenslange ... bevorder en verantwoordelikheid daarvoor aanvaar. (1)

6.7 Beskryf die belangrikheid van:

6.7.1 Die Nasionale Kwalifikasieraamwerk

6.7.2 Vroeë kinderontwikkelingsprogramme

6.7.3 Inklusiewe onderwys

(3 × 4) (12)

Kopiereg voorbehou

6.8 Evalueer die invloed wat die ontwikkeling van entrepreneursgeleenthede op ’n leerder se lewe kan hê. (2)
[40]

VRAAG 7

7.1 Teken ’n geheuekaart wat die VYF beginsels van die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring (HNKV) aandui wat by die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika ingesluit is. (5)

7.2 Stel praktiese maniere voor waarop gemeenskappe kinders in die gemeenskap kan help om:

7.2.1 gesonde waardes te ontwikkel

7.2.2 ekstrinsieke struikelblokke te oorwin

7.2.3 tot ’n gesonde gemeenskapsgevoel by te dra

(3 × 2) (6)

7.3 Watter advies kan jy aan ’n Graad R-onderwyser gee om leerders te help om kultureel sensitief teenoor ander leerders in die klas te wees?

Gee DRIE praktiese voorbeelde. (3 × 2) (6)

7.4 Noem TWEE voordele van gemeenskapsonderrignetwerke om kinders met leerbehoeftes by te staan. (2 × 2) (4)

Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae wat volg.

Maletsane is ’n 16-jarige student in die plaaslike skool. Sy het disleksie en sukkel om by die res van die klas by te hou met haar skoolwerk. Sy was reeds vanjaar 14 dae afwesig.

7.5 Wie het die *Maar waarom?*-metode van kritiese denke ontwikkel? (1)

7.6 Begin met die stelling *‘Maletsane was vanjaar reeds 14 dae afwesig’* en pas die *Maar waarom?*-metode toe om die oorsaak van Maletsane se afwesigheid by die skool te probeer identifiseer. Formuleer VIER moontlike response op die *Maar waarom?*-vrae. (4 × 2) (8)
[30]

VRAAG 8

Die 5 W's en 'n H is 'n metode wat gebruik word om krities oor situasies na te dink. Ons gebruik hierdie woorde as 'n kontrolelys om te verseker dat ons al die nodige feite oor 'n situasie ingesamel het.

8.1 Noem die SES woorde wat deur die 5 W's en die H verteenwoordig word. (6)

Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae wat volg.

Michael en Petrus stry oor wie se fout dit is dat hul motor onklaar geraak het. Michael is hoogs emosioneel en gil op Petrus en beskuldig hom van nalatigheid. Petrus verstaan waarom Michael ontsteld is. Petrus verduidelik dat hy wel die olie nagegaan het voordat hulle dorp toe gery het en lewer bewys van sy argument. Op die einde is hy in staat om Michael te oortuig dat dit nie sy fout was nie.

8.2 Identifiseer TWEE kenmerke van 'n goeie argument uit die bostaande scenario. Skryf slegs die toepaslike frase(s) uit die scenario neer. (2)

8.3 Stel 'n retoriese vraag voor wat Petrus kon gebruik het om Michael van sy redenasie te oortuig. (2)

8.4 Voorspel DRIE moontlike negatiewe gevolge indien leerders tydens 'n argument in 'n klaskamer emosioneel en kwaad raak. (3 × 2) (6)

8.5 Noem TWEE praktiese metodes wat 'n onderwyser kan gebruik om kinders te oortuig en aan te moedig om moreel teenoor medeleerders op te tree. (2 × 2) (4)

8.6 Watter TWEE van die volgende stellings is voorbeelde van emotiewe taal? Skryf slegs die korrekte letter (a-d) in die ANTWOORDBOEK neer.

a) Die moeder het gehuil toe sy haar baba die eerste keer vasgehou het.
b) Duisende honger kinders stap daagliks kaalvoet skool toe.
c) Ons land bestaan uit mense wat saam lag en huil.
d) Dit is 'n absolute tragedie – vroue sterf terwyl die samelewing partytjie hou!

(2 × 2) (4)

8.7 Skryf die opskrifte neer wat gebruik sal word om 'n sakeplan te ontleed wat deur die Harvard Sakeskool ontwikkel word. (4 × 1) (4)

8.8 Waarom is dit belangrik om die bronne van 'n argument aan te haal? (2)

[30]

TOTAAL AFDELING B: 140
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou